Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2022-07-27

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN JULIE 2022

WELKOM TERUG - MNR GERICKE

Graag verwelkom ons die nuwe sowel as ons huidige ouers en kinders na die wintervakansie.

Mag hierdie kwartaal weereens bydra tot 'n positiewe groei in elkeen van u se lewens. Ons is baie trots op ons skool, laat ons saamwerk om dit nog steeds te verbeter. Ons is werklik dankbaar dat ons Hemelse Vader ons skool so ryklik seën en ons bring al die eer aan Hom.

"Jy kan net op een van twee maniere leef.
Een is om te leef asof niks 'n wonderwerk is nie.
Die ander, om te leef asof alles 'n wonderwerk is."
- Albert Einstein

NASKOOLSENTRUM - ME Mc KENZIE

Maak asb. seker dat u leerlinge betyds kom afhaal, die sentrum sluit om 17:30.

Alle naskoolrekeninge moet op datum betaal word, aangesien u kind andersins nie die naskoolsentrum kan bywoon nie.

SKOOLGELDE VIR 2022 – MNR GERICKE

SKOOLGELDBETALING 2022				
	ITEM	**BEDRAG PER MAAND**	**TYDPERK**	**BEDRAG VIR 2022**
1	**Skoolgeld vir enkelkind**	1512	**12 Maande**	**18144**
2	**Skoolgeld vir tweede kind**	1512 (3024)	**12 Maande**	**18144**
3	**Skoolgeld vir derde kind**	606 (3630)	**12 Maande**	**7272**

Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Julie se skoolgeld is reeds betaalbaar.				
4	Naskoolgeld vir 'n enkelkind	1100	11 Maande	12100
5	Naskoolgeld vir tweede kind	1100 (2200)	11 Maande	12100
6	Naskoolgeld vir derde kind	1100 (3300)	11 Maande	12100
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Julie se geld is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie.				
7	Kleuterskool skoolgeld vir elke kind	1638	12 Maande	19656
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Julie se geld is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool				

Uitstaande gelde!!!
Daar is ouers wat alreeds agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde was reeds betaalbaar.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360
Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark Ceebee debt Collectors gebruik om al die oorhandigings te hanteer.

ABBA OUERS:
Baie dankie aan ons ouers wat instaan as abba ouers ten opsigte van minder bevoorregte kinders se skoolgeld en ander uitgawes. U ondersteuning word waardeer! Indien daar nog ouers is wat hierby betrokke wil raak kan u die kantoor kontak of eenvoudig 'n addisionele bedrag op u skoolgeld betaal. Onthou elke ekstra R10 help. DANKIE! DANKIE! DANKIE! ***Onthou net asb. om Me Wessels in kennis te stel indien u 'n ekstra bedrag inbetaal vir 'n minder bevoorregte leerling.***

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

GR R TOT GR 3 MOODLE – ME BRITZ

Soos reeds bespreek gaan ons Grondslagfase leerlinge ook blootgestel word aan Laerskool Elspark se Moodle program.

Die Intermediêre fase asook die Senior fase gebruik hierdie platform reeds met vrug.
In die Grondslagfase sal die Moodle program dien as 'n aanvulling tot die kurrikulum en inligting en addisionele hulp sal op hierdie manier deurgegee word.

Let asseblief daarop dat die leerlinge nie nodig het om 'n tablet aan te skaf nie. Hulle gaan dit nie in klastyd gebruik nie. U as ouer kan die program aflaai en gebruik of op u slimfoon of op 'n rekenaar.
Die leerlinge se passwords en usernames sal deur die klasonderwyser aan hulle gegee word.

U kan die volgende stappe volg:

1. Tik die volgende URL in die browser in: www.superelsies.co.za
2. Kies die "Log in" opsie
3. Vul u kind se password en username in op die intekenblad
4. Onder "My courses" aan die linkerkant sal die verskillende vakke verskyn
5. Kies die vak en die kwartaal
6. Hier kan die leerlinge toegang kry tot die afgelaaide werk

Indien u enige probleme ondervind kan u gerus u kind se klasonderwyser kontak. U kan ook 'n epos na ons IT departement stuur louis@lselspark.co.za

D6 – ME BRITZ

Let asseblief daarop dat die skool met 'n nuwe dissiplinêre stelsel begin.

Dit sal op 'n demeriete sisteem werk waar leerlinge vir oortredings minuspunte akkumuleer. Wanneer 'n leerling 'n totaal van 10 minuspunte bereik sal u 'n sms ontvang om u daarvan te verwittig.

Wanneer die leerling daarna nog demerietes ontvang sal daar 'n graadverhoor en daarna 'n dissiplinêre verhoor plaasvind. U sal per epos hiervan ingelig word.

Die leerlinge wat vorder tot by 'n verhoor kan ook sekere voorregte verloor soos byvoorbeeld bywoning van die Graad 7 afskeid.

U as ouer/voog sal ook die aantal demerietes kan sien asook boodskappe ontvang wanneer u die D6 Connect app aflaai. Volg die stappe om te registreer.

U moet asseblief daarop let dat u selfoonnommer die skakel is wat u met u kind verbind. Indien ons nie u korrekte nommer het nie sal u nie u kind se inligting kan sien nie.

Kontak asseblief dadelik die skoolkantoor om u inligting op te dateer.

KOEKVERKOPING – ME LOURENS

Ons Gr 4 klasse se koekverkoping vind plaas op Dinsdag, 2 Augustus 2022.

Onthou asb. julle geldjies en ondersteun die Gr 4 leerlinge.

SONJA EN TJOKKER – ME GROBLER

Sonja Heroldt besoek ons skool op 3 Augustus. Ons Gr 1 tot Gr 3 maats gaan die vertoning gratis bywoon.

Na afloop van die vertoning is die volgende te koop:

Sonja en Tjokker – "Sing kinderliedjies"

CD	R100
DVD	R100
CD + DVD	R150

Sonja en Tjokker – "Sing Geestelike kinderliedjies"

CD	R100
DVD	R100
CD + DVD	R150

Aansteekknopie 37mm – R5
Aansteekknopie 58 mm – R10

COMMUNICATOR/FACEBOOK/TIKTOK – ME S DU TOIT

Wil jy deel wees van ons Facebook gemeenskap? Ons deel inligting, prestasies en sommer net lekker wenke. U kan ons vind op Facebook - ***Elspark Elsie***.

Stay Connected

Ons skakel oor na Communicator se nuwe app. Waar alle omsendbriewe en inligting gelaai sal word. U kind se demerietes sal ook sigbaar wees op die nuwe app. Laai asb. die nuwe app D6 Connect af op u slimfoon of rekenaar. Dis beskikbaar in die App store.

Elsies is op TIKTOK ook. Gaan volg ons gerus @superelsies!

BOOGSKIET – ME JACOBS

INTREEKURSUS

DATUM:	**13 Augustus 2022**
TYD:	**08:30 tot 11:00 (Gr 2 – 7)**
	12:00 tot 14:00 (Gr 8 – 12)
PLEK:	**Hoërskool Elspark**
KOSTE:	**R20 (betaalbaar by Me Jacobs voor 11 Augustus)**
KLEREDRAG:	**Gemaklike klere. Tekkies is 'n moet.**

Belangrike datums:

20 Augustus Laerskool Elspark
Kolle kompetisie
Koste: R60
Sluitingsdatum: 15 Augustus

27 Augustus AGA – SA 3D
Plek sal bevestig word nader aan die tyd.
Koste: R70
Sluitingsdatum: 22 Augustus

3 September: Laerskool Elspark
Kolle kompetisie
Koste: R60
Sluitingsdatum: 12 September

10 September: AGA – SA 3D
Plek sal bevestig word nader aan die tyd.
Koste: R70
Sluitingsdatum: 5 September

17 September: Klub Inyati (Randfontien)
Kolle kompetisie
Koste: R60
Sluitingsdatum: 12 September

Indien u enige navrae het, is u welkom om Me Jacobs te kontak (082 458 4307).

KRIEKET – MNR KEYTER

Die onder 11 en 1ste Krieketspanne het getoer na Jubaweni in die vakansie. Die toer was baie goeie voorbereiding vir die krieket liga wat voorlê.

Krieket oefentye is soos volg:

0/9:
Maandae: Oefen: 13:45 – 15:00,
Dinsdae: Speel wedstryde,
Woensdae: Oefen: 13:45 – 15:00,
Donderdae: Oefen: 13:45 – 15:00

0/10:
Maandae: Oefen: 13:45 – 15:00,
Dinsdae: Oefen: 13:45 – 15:00 ,
Woensdae: Speel wedstryde,
Donderdae: Oefen: 13:45 – 15:00

0/11:
Maandae: Oefen: 13:45 - 15:00,
Dinsdae: Oefen: 13:45 - 15:00,
Woensdae: Speel wedstryde,
Donderdae: Oefen: 13:45 - 15:00

2de Span:
Maandae: Oefen: 13:45 - 15:00,
Dinsdae: Oefen: 13:45 - 15:00,
Woensdae: Oefen: 13:45 - 15:00,
Donderdae: Speel wedstryde.

1ste Span:
Maandae: Oefen: 13:45 - 15:00,
Dinsdae: Oefen: 13:45 - 15:00,
Woensdae: Oefen: 13:45 - 15:00,
Donderdae: Speel wedstryde.

KRIEKET LIGA BEPALINGS:

AUGUSTUS					SEPTEMBER				
Skool	**Datum**	**Span**	**WEG**	**Tuis**	**Skool**	**Datum**	**Span**	**WEG**	**Tuis**
DALVIEW	02-Aug	0/9		Tuis	CBC	06-Sep	0/9	Weg	
	03-Aug	0/10	Weg			07-Sep	0/10		Tuis
	03-Aug	0/11		Tuis		07-Sep	0/11	Weg	
	04-Aug	2de Span	Weg				2de Span		BYE
	04-Aug	1ste Span		Tuis		08-Sep	1ste Span	Weg	
VRP	10-Aug	0/10	Weg		OOSTERKRUIN	13-Sep	0/9		Tuis
	10-Aug	0/11		Tuis		14-Sep	0/10	Weg	
	11-Aug	2de Span	Weg			14-Sep	0/11		Tuis
	11-Aug	1ste Span		Tuis		15-Sep	2de Span	Weg	
	12-Aug	0/9		Tuis		15-Sep	1ste Span		Tuis
DELVILLE	16-Aug	0/9	Weg		FINALE	19-Sep	0/9		
	17-Aug	0/10		Tuis		20-Sep	0/10		
	17-Aug	0/11	Weg			21-Sep	0/11		
	18-Aug	2de Span		Tuis		22-Sep	2de Span		
	18-Aug	1ste Span	Weg			24-Sep	1ste Span		
Proewe	15-Aug	0/11		TBC					
Proewe	19-Aug	0/13		TBC					
Proewe	22-Aug	0/12		TBC					

CONCORDIA	23-Aug	0/9		Tuis
	24-Aug	0/10	Weg	
	24-Aug	0/11		Tuis
	25-Aug	2de Span	Weg	
	25-Aug	1ste Span		Tuis
BAANBREKER	30-Aug	0/9		Tuis
	31-Aug	0/10	Weg	
	31-Aug	0/11		Tuis
	01-Sep	2de Span	Weg	
	01-Sep	1ste Span		Tuis

MINI-KRIEKET - ME MITTON

Oefening vind plaas Maandae tot Donderdae vanaf 13:45 tot 14:30. Wedstryd datums sal per brief deurgegee word.

JUKSKEI - ME DE BRUYN

Ons sien uit na die jukskei seisoen en hoop dat dit 'n leersame ervaring vir al ons spelers sal wees. Onthou jou tekkies en gemaklike klere.

Oefen tye vanaf Dinsdag 26 Julie 2022:

- Dinsdae - Dogters (13:30- 14:30)
- Woensdae - Seuns (13:30-14:30)
- Donderdae - Oefengroep (13:30-14:30)

HOKKIE - ME BURGER

HOKKIE SEISOEN LIGA DATUMS 2022

SKOOL	DATUM	PLEK	SPANNE
Parkrand Primary	Donderdag, 28 Julie	Elspark (tuis)	0/11 en 0/13
Brakpan-Oos	Donderdag, 4 Augustus	Elspark (tuis)	0/10 -0/13
Nageng	Woensdag, 10 Augustus	Elspark (tuis)	0/11 en 0/13
Goudrand	Donderdag, 11 Augustus	Goudrand (weg)	0/10 - 0/13
Van Dyk	Donderdag, 18 Augustus	Elspark (tuis)	0/10 - 0/13
Dalview	Dinsdag, 23 Augustus	Dalview (weg)	0/10 - 0/13
Baanbreker	Donderdag, 1 September	Elspark (tuis)	0/10 - 0/13
Concordia	Donderdag, 8 September	Concordia (weg)	0/10 - 0/13
Witfield	Dinsdag, 13 September	Witfield (weg)	0/10 - 0/13

Die 0/10 en 0/12 hokkie dogters neem die 29ste Julie 2022 deel aan die Super Reeks hokkietoernooi te Laerskool Elspark.

Tyd - 13:00
Toegangsfooi - Gratis
Maak asseblief gebruik van Laerskool Elspark se hek in Tierhout straat en parkeer op die veld langs die baan.

Die 0/11 en 0/13 hokkie dogters neem die 30ste Julie 2022 deel aan die Super Reeks hokkietoernooi te Hoërskool Hugenote.

Tyd - 08:00
Toegangsfooi - R10 per persoon en R20 per voertuig
Die bus sal reeds om 7:30 vertrek. Die uitspele sal bepaal hoe laat die bus gaan terug keer. U sal in kennis gestel word wanneer die bus by H/s Hugenote vertrek.

MINI-HOKKIE - ME GROBLER

Die mini-hokkie oefening vind plaas op Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf 13:30 tot 14:15.

Wedstryd datums:

Dinsdag, 16 Augustus	Delville (tuis)
Dinsdag, 23 Augustus	Witfield (weg)
Donderdag, 25 Augustus	Farramere (weg)
Dinsdag, 30 Augustus	Laerskool van Dyk (weg)
Dinsdag, 6 September	Northmead (weg)
Donderdag, 15 September	Laerskool Baanbreker (weg)

LANDLOOP - ME BOTHA

Oefentye:	Maandae - Donderdae 13:30 - 14:30
Waar:	Ons kom by die onderste rugby veld bymekaar.
Wie:	Almal is welkom om saam te kom oefen. 0/7 - 0/13

Belangrike datums:

BYEENKOMS	DATUM	PLEK	GASHEER
Liga 1 Boksburg	27 Julie	Boksburgstadium	Laerskool Witdeep
Liga 2 Boksburg	3 Augustus	Boksburgstadium	Laerskool Witfield
Liga 3 Boksburg	10 Augustus	Boksburgstadium	Woodlands College
Boksburg Kampienskappe	17 Augustus	Boksburgstadium	Laerskool Baanbreker
Distrik Kampioenskappe	26 Augustus	Boksburgstadium	Boksburg
Provinsiaal: GISSA	10 September	Ranfdontein	D2 Jhb
Nasionaal: USSASA	30 Sept & 1 Oktober	TBC	Oos-Kaap

OUDERDOMSGROEPE EN AFSTANDE			
	OUDERDOM	GESLAG	AFSTAND
2013	O/9	Seuns en dogters	2km
2012	O/10	Seuns en dogters	2km
2011	O/11	Seuns en dogters	3km
2010	O/12	Seuns en dogters	3km
2009	O/13	Dogters	3km
2009	O/13	Seuns	4km

Ons is baie opgewonde om te spog in ons nuwe Landloop hemde by die liga-byeenkomste!
Bestel so gou as moontlik jou hemp by Me Botha (monya@elsies.co.za). Maak asseblief seker dat atlete gepaste oefenklere, tekkies en water inpak vir oefening.

Sien julle by die oefening!

SKAAK – ME FANOE

Oefentye by K17:

Dinsdae	Gr1 en 2	13:30 - 14:15
Woensdae	Gr3 en 4	13:30 - 14:15
Donderdae	Gr 5,6 en 7	13:30 - 14:15

NB! Daar is geen oefening op 2 en 4 Augustus nie.

KOKKEWIETE (JNR KOOR) – ME VISSER

"ONS SING WANT DIS LEKKER!"

Oefendatums vir Kwartaal 3

Maandag, 25 Julie	13:30 - 14:15
Maandag, 1 Augustus	13:30 - 14:15
Maandag, 8 Augustus	Geen oefening – Langnaweek
Maandag, 15 Augustus	13:30 - 14:15
Maandag, 22 Augustus	13:30 - 14:15
Maandag, 29 Augustus	13:30 - 14:15
Maandag, 5 September	13:30 - 14:15
Maandag, 12 September	13:30 - 14:15
Maandag, 19 September	13:30 - 14:15 (laaste oefening)

Dankie dat almal die oefening so getrou bywoon. Ons neem deel aan die Germiston Kunswedstryd aan die einde van September. Finale datum sal aan u deurgegee word, sodra ons dit ontvang.

SENIORKOOR - ME TERBLANCHE

Welkom terug!!

Kooroefeninge is nou baie belangrik.
Maandag, 1 Augustus
Vrydag, 12 Augustus (ekstra oefening a.g.v. langnaweek)
Maandag, 15 Augustus
Maandag, 22 Augustus
Maandag, 29 Augustus
Maandag, 5 September
Vrydag, 9 September (Optrede Alberton Eisteddfod)
Maandag, 12 September
Maandag, 19 September

Die datum vir Germiston Eisteddfod is nog nie deurgegee nie.

OPVOEDING - ME GROBLER

Dissipline – Dereck Jackson (Huisgenoot Digitaal)
"Reëls en grense skep vir jou kind struktuur en voorspelbaarheid in die huis, terwyl gebrek daaraan tot chaos lei'"

3 Fases van Dissipline

1. **Maak reëls en stel grense**
   - Bogenoemde help kinders veilig voel, want hul weet wat om te verwag.
   - Stel 'n paar huisreëls vas en hou dit eenvoudig.
   - Roetine is belangrik. 'n Vaste tyd vir bad, gaan slaap, opstaan ens.
   -
2. **Wees selfgeldend maar nie aggressief nie.**
   - Dereck sê selfgelding behels 70% lyftaal en 30% woorde. Moet nie jou kind smeek om iets te doen nie.
   - Gee duidelike opdragte en 'n tydgleuf waarin dit voltooi moet word.
   -
3. **Neem gepaste stappe**
   - Tree dadelik op wanneer u kind nie 'n streng opdrag gehoorsaam nie.
   - Die optrede hang af van die aard van die oortreding en die ouderdom van u kind.
   - Inkorting van TV speletjietyd, wegneem van selfoon ens. is goeie idees in die verband.

Onthou: Kinders wat sonder dissipline grootword, sal nooit behoorlike grense aanleer nie

DISSIPLINE - MNR MULLER

'N SUPER ELSIE:

- Sê altyd asseblief en dankie.
- Toon respek teenoor sy/haar maats en onderwysers.
- Sorg dat hy/sy altyd netjies lyk gedurende skooltyd en op wedstryddae.
- Seuns se hare moet kort en netjies wees. Geen style.
- Dogters sorg dat haar hare netjies is en met die korrekte haarbykomstighede in het.
- Hou die skool netjies en skoon, dis is ons almal se skool.
- Groet enige persoon op die terrein. Dit is net goeie maniere.
- Dra op 'n Vrydag die korrekte blou kort broek met wit LO hempie.
- Werk saam in die klas deur te luister as jou onderwyser 'n opdrag gee.
- Respekteer maats en personeel.

DANKBAARHEID

- Baie dankie aan ons leerlinge wat elke dag moeite doen met hulle voorkoms - julle is ware Elsies!!!!
- Dankie aan al ons ouers wat ons altyd ondersteun en positief bly teenoor ons skool!
- Baie dankie aan ons Hemelse Vader vir Sy liefde en genade!

1 Korintiërs 13:4

Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie.

Elsiegroete

W.F. GERICKE
SKOOLHOOF

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
LEIERSKAP (2022)